

GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

Kleuter- en Laerskool

Cunninghamlaan 1182
WAVERLEY, 0186
Telefoon: (012) 332-3222 x1
e-posadres: gsdp@gsdp.org.za
Posadres:
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
Webwerf: www.gsdp.co.za



Hoërskool

Dickensonlaan 1174
WAVERLEY, 0186
Telefoon: (012) 332-3222 x2
e-posadres: hsadmin@gsdp.org.za
Posadres:
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
Webwerf: www.gsdp.co.za

INFO: 4 SEPTEMBER 2020

Geagte ouers, lede, vriende en personeel

Dit is amptelik lente. Die leerlinge is opgewonde, want die winter is nou iets van die verlede. Dit is nog effens koud, maar ons trotseer dit, want die somer is op pad. Ons ontvang nog 'n seisoen uit die Hand van die Here. Onverdiend, maar dankbaar.

Lentedag self was lekker koud, maar die kinders se warm harte het gegee. Die muntlegging van die kleuter- en laerskool is met vreugdevolle harte ondersteun. Ons het die geld getel en 'n mooi bedrag van R 5 502,71 ingesamel wat ons binnekort aan die President Krugerkindershuis gaan oorhandig. Dit is so lekker om aan die leerlinge te leer om te gee - om te gee aan dié wat nie so bevoorreg is soos ons nie en wat daaglik uitdagings beleef.

Die kwartaal staan ook nou einde se kant toe. Die toetsreeks is amper verby en die personeel begin die punte bereken vir die rapporte van kwartaal 3. Vanaf hierdie kwartaal ontvang alle grade 'n rapport vir die derde kwartaal. Ons gaan dit DV in 2021 voortsit.

Ek bedank elke ouer wat in die afgelope twee weke reageer het op ons "verskuilde" boodskap in die vorige Info - dalk effens in 'n hoek geplaas, maar nou weet ons wie die Info van voor tot agter lees en met begrip lees.

Baie sterkte aan elkeen wat nog toetse skryf, besig is met assesserings of nog die finale werk afrond. Ons is amper daar - amper vakansie.

Dirkie-groete

Mnr HJJ Visser

KLEUTER- EN LAERSKOOLHOOF
BEDRYFSPAN: VOORSITTER



ALGEMEEN

PERSONEEL - VERJAARSDAE



Baie geluk aan die personeel wat binnekort verjaar. Ons bid dat die Here u ryklik sal seën in die nuwe lewensjaar en dat u elke dag die nabyheid van die Here mag ervaar:

4 September: Mev Marietjie Buys
8 September: Mnr Marinus de Feijter



GSDP - "SNAPSCAN"

GSDP gee hiermee aan u die "snapscan"-kodes wat u kan gebruik vir betaling:



Gebruik bogenoemde kodes om betalings ten opsigte van skoolfonds en die bergpretloop te maak. U kan betalings in u eie omgewing maak en hoef nie meer skool toe te ry om dit te doen nie.

Hartlik dank vir u samewerking.

GSDP - TELEFOONNOMMER

GSDP se telefoonnommer **(012) 332-3222** is in werking.

GSDP - VIRTUELE BERGPRETLOOP - 26/09/2020 tot 20/10/2020



Ons herinner u aan ons virtuele "bergpretloop" wat binnekort plaasvind.

Dit dien as GSDP-fondsinsameling.

Neem gerus deel en versprei die advertensie so ver as moontlik.

Sien GSDP se "facebook"-blad vir meer besonderhede.

PICK 'n PAY - WAVERLEY PLAZA

Wanneer u aankope te Pick 'n Pay in Waverley Plaza doen, kan u u kasregisterstrokie in die houer (gemark "Dirk Postma") gooi. Die skool wat die meeste strokies ontvang, ontvang 'n kontant-bedrag op 'n tyd wat Pick 'n Pay bepaal.

"MY-SCHOOL"-KAART

Hoe werk die "MySchool"-kaart? Vir elke aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart byvoorbeeld Woolworths, kry die skool 'n persentasie. Aan die einde van elke maand betaal MySchool die bedrag oor aan GSDP.

Indien u nog nie 'n "MySchool"-kaart het nie, besoek die webwerf www.myschool.co.za, klik op "Get a MySchool card now" en voltooi die maklike aansoekvorm binne minute.

KWARTALE - 2020

Die kwartale vir die res van 2020 is as volg:

Kwartaal 3: 8 Julie tot 23 September

Kwartaal 4: 12 Oktober tot 4 Desember

4 Desember: GSDP sluit op Vrydag, 4 Desember vir alle leerlinge.



HOËRSKOOL

ALGEMEEN

Geagte ouers, personeel en vriende

Ons is in die laaste pylvak van kwartaal 3. Die energievlakke begin afneem, maar tog is daar nog 'n aantal dinge wat hierdie kwartaal moet gebeur. Dit is nou tyd om diep asem te haal en ons oë gevestig te hou op die eindpunt.

Sterkte en baie dankie vir al die harde werk uit alle oorde.

Ons herinner u aan die bestaande reëling: Leerlinge en ouers moet mekaar asseblief nie in skooltyd kontak nie. Tref alle reëlins via die hoërskoolkantoor. 'n Leerling moet vir mev Marion Boersema versoek om 'n ouer te skakel indien 'n leerling opgelaai moet word.

Matriekdiens - Vrydag, 30 Oktober 2020: Die matriekdiens vind plaas op Vrydag, 30 Oktober 2020. Die praktiese reëlins volg.

Skooldrag: Ons handhaaf die bestaande *status quo* betreffende skooldrag: Die leerlinge mag tans wintersdrag, somersdrag of sosiale drag aantrek skool toe. Vanaf Maandag, 12 Oktober is die leerlinge verplig om die voorgeskrewe somersdrag aan te trek.


Mnr JG Pretorius
HOËRSKOOLHOOF

AFLAAI EN OPLAAI VAN HOËRSKOOLLEERLINGE

Die roete vir die aflaai en oplaai van leerlinge:

Ingang: Dickensonlaan

Uitgang: Codonialaan



AKADEMIE

Toetsreeks: Die hoërskoolleerlinge is besig met die toetsreeks en ontvang die werkbakening van die personeel.

Die leerlinge moet nog toetse in die volgende leerareas skryf:

Datum	Graad 8	Graad 9	Graad 10	Graad 11	Graad 12
8 Sep	EBW	SW	IGO	Bybel	Rekordeksamen 24 Aug tot 23 Sept
10 Sep	SW	NW	Afrikaans	Afrikaans	
15 Sep	Engels	Kerkgeskiedenis	Rek/Kuns	Rek/Kuns/Geo	

Ons maak ouers op die volgende attent tydens toetsreeks: Indien 'n leerling in kwarantyn of isolasie is, het ons 'n aanlyn-toets-skryf-opsie beskikbaar. Dit geskied in die normale toetstye by die huis en toesig en internetkonneksie is daarvoor nodig. Skakel gerus die voorgoedwyser in so 'n geval. Andersins tel die gewone toetsreël (soos altyd): Sonder 'n doktersbrief kry die leerling ongelukkig nie punte nie.

Registrasie 2021 - gr 8: Die registrasie vir 2021 se gr 8-leerlinge is tans oop. Kontak gerus die kantoor indien daar leerlinge is wat graag wil inskryf.

Ons versoek dat u inskrywings, indien moontlik, voor **30 September** inhandig, ter wille van beplanningsdoeleindes.

Gr 12-leerlinge: PAT-take: Die gr 12-leerlinge gaan tydens die eindeksamen hul PAT-take doen op 'n dag en tyd wat die Departement van Onderwys aan ons voorsien.

SPORT EN KULTUUR

Is afgestel tot verdere kennisgewing.

SNOEPIE

Die hoërskool se snoepie open op Maandag, 7 September. U ontvang 'n skrywe oor die werkswyse van die snoepie. Die snoepie gaan geen kontant hanteer nie, maar betaling geskied met 'n kaart en die D6-toep.

LAERSKOOL

AFLAAI EN OPLAAI VAN LEERLINGE

Ons vestig u aandag op die bestaande reël en versoek dat u dit asseblief gehoorsaam:

AFLAAI EN OPLAAI VAN LEERLINGE

Die roete vir die aflaaï en oplaai van leerlinge:

Ingang: Dickensonlaan →
Uitgang: Codonialaan ←

HEKTYE

07:00 - 07:40

13:00 - 13:15

13:30 - 14:00

OPLAAI VAN LEERLINGE

tyd	graad	plek
13:00 - 13:30	kleuterskool	Cunninghamlaan
13:00 - 13:15	gr 1 - gr 3	Dickensonlaan
13:30 - 14:00	gr 4 - gr 7	Dickensonlaan

Gr 1- tot gr 3-leerlinge: Die leerlinge beweeg om 12:55 na die afgemerkte plekke op die kerkterrein waar u van die "pick-up and go"-stelsel gebruik moet maak.

Gr 4- tot gr 7-leerlinge: Die leerlinge beweeg om 13:25 na die afgemerkte plekke op die kerkterrein waar u van die "pick-up and go"-stelsel gebruik moet maak.

Ons versoek dat u asseblief nie voor die hekke parkeer en wag dat die hekke oopmaak nie - dit verhoinder die personeel wat op die terrein moet wees se toegang.

TOEGANG TOT GSDP-SKOOLTERREIN

ONS BEVESTIG ONS BESTAANDE BELEID DAT GEEN OOR / BESOEKER OP DIE SKOOLTERREIN TOEGELAAT IS NIE. INDIEN U WEL DIE TERREIN MOET BETREE, MOET U ASSEBLIEF VOORAF DIE BETROKKE KANTOOR SKAKEL EN 'N AFSpraak MAAK.

ENIGE PERSOON WAT DIE SKOOLTERREIN BETREE, MOET EERS BY DIE KANTOOR AANMELD EN DIE NODIGE DOKUMENTE VOLTOOI, VOORDAT U U AFSpraak KAN NAKOM.

INDIEN U KIND(ERS) LAAT IS, MOET U HOM / HAAR BY DIE HEK IN CUNNINGHAMLAAN AFLAAI. KONTAK DIE KANTOOR DEUR MIDDEL VAN DIE INTERKOMSTELSEL. U KIND(ERS) MAG DAN INKOM EN OP DIE BANKIES SIT, TOTDAT DIE PERSONEEL DIE NODIGE "SCREENING" DOEN.

GEEN LEERLING MAG NA 'N KLAS GAAN SONDER DAT DIE "SCREENING" GEDOEN IS NIE!

INSKRYWINGS: 2021

Die huidige gr R- en gr 7-leerlinge het reeds hul inskrywingsvorme vir 2021 ontvang.

Graag ontvang ons, ter wille van beplanning vir 2021, die inskrywings voor **30 September 2020**.

AKADEMIE - TOETSROOSTER: 8 - 10 SEPTEMBER

DAG	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
Di. 8 Sep	Vaardigheidstoets	Vaardigheidstoets	Vaardigheidstoets	Tegnologie
Do. 10 Sep	LO	LO	LO	LO

- Die leerlinge skryf die toets in die toetsperiode.
- Geen formele assessering / toetse vir: Kuns & Kultuur en Kerkgeskiedenis nie.

SOMERSDRAG

Die laerskoolleerlinge trek vanaf Maandag, 12 Oktober weer die voorgeskrewe somersdrag aan. Dit gee aan u genoegsame tyd om die korrekte skooldrag aan te skaf.

Klerebank: Indien u eers wil uitvind of daar skooldrag na u behoefte by die klerebank beskikbaar is, doen asseblief elektronies navraag by mev Lienke Reesink (lienke.reesink@gmdp.org.za). Sy sal u navraag elektronies antwoord.

Ongelukkig is daar geen skooldrag (broeke en hempies) vir die seuns beskikbaar nie.


SPORT EN KULTUUR; BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Is afgestel tot verdere kennisgewing.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende leerlinge met hul verjaarsdag. Ons hoop dat almal julle baie sal bederf:

- 6 September: Karlien Smit (gr 2)
9 September: Nieke Roets (gr 3)
11 September: Hendrik Albasini (gr 5)
15 September: Anli Buys (gr 5)
Evan Osborne (gr 3)
16 September: Nathan Erasmus (gr 4)
17 September: Helena Boerrigter (gr 4)
Tjaart Niehof (gr 4)



KLEUTERSKOOL



Dis heerlike lente,
die winter is verby.
Weer nodig die velde
vir jou en vir my!

Verjaarsdae: 7 September: Adin Cloete (gr R)
9 September: Ruben Boersema (gr RRR)
10 September: Erich van der Veen (gr RR)

**U IS WELKOM OM INDIVIDUEEL-VERPAKTE LEKKERNYE (SKYFIES, SMARTIES,
ENSOVOORTS) SKOOL TOE TE STUUR.**

Hektye: 07:00 - 07:40
13:00 - 13:30

Fotodag - 11 September 2020: Op Vrydag, 11 September neem Liesl van Inspire Photography individuele foto's van die kleuters.

Psalm 13:6:
"- op U goedertierenheid vertrou ek;
my hart sal juig oor U heil.
Ek wil sing tot eer van die HERE,
omdat Hy aan my goed gedoen het."
